**LAERSKOOL KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# <u>Grondslagfase Dissiplinestelsel</u>

Vir Aandag: Ouers van die Grondslagfase

Hiermee ontvang u die kriteria van die Dissiplinestelsel soos gebruik deur alle klasse van Gr. R tot Gr. 3. Die stelsel bestaan uit Positiewe en Negatiewe punte wat daagliks aangeteken word soos wat dit toegeken word.

| **Positiewe Punte (+50)** | **+ Punt** |
|---|---|
| Volpunte vir al Vrydae se klastoetse. | +2 |
| Getroue Skoolbesoek (1 maand teenwoordig). | +2 |
| Skole Sport deelname. (Eenmalig per seisoen) | +5 |
| Kultuurdeelname. (Eenmalig per seisoen) | +5 |
| Netheid van Skriftelike werk. (per week) | +5 |
| Kwartaallikse Assesseringstake (85% en hoër). | +5 |
| Goeie gedrag. (per week) | +5 |
| Volledige, netjiese huiswerk. (1week) | +5 |

| **Negatiewe Punte (-50)** | **- Punt** |
|---|---|
| Aggressiewe gedrag (Byt, spoeg, pootjie, knyp, seermaak, skop) | -10 |
| Ongehoorsaam in klas:<br>• Voer nie opdragte uit nie.<br>• Ongemanierd.<br>• Ontwrig klassituasie. | -5 |
| Verlaat klas sonder toestemming.<br>Laat kom. | -5 |
| Speel op verbode terrein.<br>Hardloop / speel op stoepe / in die badkamer | -5 |
| Lelike Taalgebruik | -5 |
| Disrespekvolle gedrag teenoor onderwyser. | -10 |
| Oneerlik. | -10 |
| Onvoltooide Huiswerk.<br>Huiswerksak nie by die Skool nie. | -1 |
| Ry op stoel. | -2 |
| Vernielsugtig. | -5 |

| Ernstige Oortredings (-20) | - Punt |
|---|---|
| Diefstal of in besit van gesteelde item. | -20 |
| Ernstige Bakleiery. | -20 |
| Bring gevaarlike voorwerpe skooltoe. | -20 |
| Beskadiging van eiendom (vandalisme). | -20 |
| Haattaal of rassisme. | -20 |
| Kontak van 'n persoon vanaf leerder se selfoon / horlosie, sonder onderwyser se toestemming. | -20 |
| Boelie. | -20 |

In elke klas is 'n Dissiplinebord wat verdeel is in positiewe en negatiewe spasies. Indien die leerder 'n positiewe inskrywing ontvang, word die aantekening op die bord en in 'n dissipline lêer aangeteken. Dieselfde geld vir negatiewe inskrywings.

Sodra 'n leerder +50 punte verwerf het, ontvang die ouer 'n GEEL BRIEF. Sodra 'n leerder 3 GEELBRIEWE ontvang het, word die leerder beloon met 'n Geskenkbewys vir 'n bederfie.

Sodra die leerder 'n -50 ontvang het, ontvang die ouer 'n ROOI BRIEF. Sodra leerders 3 ROOIBRIEWE ontvang, word 'n gesprek met u as ouers/voogde gevoer deur die skoolbestuurspan. Daaropvolgende stappe word geneem indien gedrag van die leerder nie verbeter nie. Gesprekke word gerekordeer en op leerder se portefeulje geplaas.

Sodra 'n ernstige oortreding begaan is, word ouers dieselfde dag geskakel vir gesprekvoering saam met die Uitvoerende Hoof van die skool.

Baie dankie aan elke Ouer/Voog se positiewe samewerking van die stelsel, saam maak ons 'n span wat elke KRUGIE AREND se Dissipline vaslê, verbeter en KRUGIES met INTEGRITEIT grootmaak.

KRUGIE IS KINDERS MET KENNIS.

Me. M.C. Jv Rensburg
Departementshoof: Grondslagfase

Mnr. J.N. Jv Rensburg
Wnde. Hoof: Laerskool Krugerpark